## OUPA EN OUMA SE GEBED

Hemelse Vader,
ek dank U vir die gawe van die lewe
en ek verwonder my daaraan
hoe U deur my ook dié lewensgawe
aan my kinders en kleinkinders
gegee het.

Die wêreld waarin hulle leef
verskil baie van my wêreld
en soms sukkel ons om mekaar
te verstaan.

Ons benodig u gawes van
aanvaarding en vergifnis
sodat ons in vrede
kan saamleef.
Ons benodig u gawes van
liefde en vreugde
sodat ons saam u plan
vir ons familie, en alle families
en die hele skepping
mag uitleef.

Dit bid ek in die Naam van Jesus.
Amen.

## KLEINKINDERS SE GEBED

Hemelse Vader,
ek dank en prys U vir die gawe van die lewe,
vir my gesin, familie en vandag bid ek
spesiaal vir my oupa's en ouma's.
Hulle wat nog in hierdie lewe is
en hulle wat alreeds vooruit is
en nou in vrede rus.

As ouers het hulle lewe gegee
aan my eie ouers.
Dankie vir al die mooi herinneringe
en alles wat hulle met my gedeel het.
Hulle wêreld was baie anders
as vandag se wêreld en dit is seker
soms moeilik vir hulle om aan te pas.
Vergewe my die kere waar ek hulle
nie genoeg aandag en liefde gegee het nie.
Vergewe my ongeduld met hulle.
Help my om my tyd, my liefde en sorg
met hulle op hulle oudag te deel.
Dit vra ek in die Naam van Jesus.
Amen.